**Die geloof van Abraham en Sara**

**Heb 11:8-19**

**23 Oktober 2022**

1. Heb 11:1-3: Funksionele rolle van geloof. Heb 11:4-7: Voorbeelde van Abel, Henog en Noag
2. Heb 11:8-19: Voorbeelde van Abraham en Sara (vgl Gen 12, 15,17.18,21 en 22)
3. Geloof het God-geopenbaarde kennis as basis
    a. Kennis waarop Abraham en Sara se geloof gebou was, was God se beloftes
        - Beloofde land (Heb 11, 8-10, Gen 12:1, 18:8)
        - Groot nageslag (Heb 11:11-12, Gen 12:2-3, 15:5, 17:4)
        - God sal hulle God wees (Heb 11:16b, Gen 17:7)
    b. God se geopenbaarde kennis is onvolledig
        - Abraham moes trek na <u>'n plek</u> (Heb 11:8)
        - Was onduidelik dat hulle lank sou moes wag vir Isak (Heb 11:11-12)
        - Was onduidelik hoekom Abraham vir Isak moes gaan offer (Heb 11:17-19)
    c. God se beloftes gaan geleidelik in vervulling
        - Betreklik gou in die land, maar net as bywoner (Heb 11:9, Gen 12:1-3, 5b)
        - Het meer as Kanaän verwag – stad met fondamente (Heb 11:10, Op 21-22)
        - Na 25 jaar net Isak as nageslag van belofte (Heb 11:12)
        - Gesterf sonder volle vervulling, maar met hunkering (Heb 11:13, 15-16)
    d. Hoe het Abraham geweet daar is meer as fisiese land en nageslag? Uit wat God reeds geopenbaar het:
        - Tuin moet bewerk word, maar aarde onderwerp word (Gen 1:28, 2:15)
        - In die tuin was die boom van die lewe (Gen 2:9)
        - God beloof die Een wat sou kom (Gen 3:15)
        - God neem Henog (naby Hom geleef) weg sonder om te sterf (Gen 5:23)
        - God beloof om aarde in stand te hou, solank daar aarde is (Gen 8:22)
        - God verwerp die stad wat mense bou (Gen 11)
4. Geloof het vertroue as basis: Abraham het geglo en dit is vir hom as geregtigheid toegereken (Gen 15:6)
    a. Hulle was gehoorsaam aan God se opdragte – het getrek, het selfs kind by Hagar verwek (Heb 11:8, 15-16)
    b. Het geduldig volhard terwyl hy wag op volle vervulling van beloftes (Heb 11:9)
    c. Het nie klein gedeeltelike vervullings gering geskat nie
    d. Het gehunker na volle vervulling van beloftes (Heb 11:16, 11:19)
    e. Het bely hy verwag 'n beter, hemelse vaderland (Heb 11:13-14, 16)
    f. Sy geloofsvertroue is getoets (Heb 11:17-19, Gen 22)
    g. Een belofte is direk vervul: God was sy God (Heb 11:16b, Gen 15:1, 21:22)
5. Toepassings: Hoe vergelyk jou geloof met die van Abraham?
    a. Verdiep jy jou in God se openbaring?
    b. Is jy onvoorwaardelik gehoorsaam aan God se opdragte?
    c. Hunker jy na die hemelse vaderland?
    d. Wag jy geduldig op die volle vervulling van God se beloftes?
    e. Bely jy jou hunkering na die hemelse vaderland?
    f. Reageer jy soos Abraham as jou geloof getoets word?
    g. Is God jou God en jou skild?